SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
**Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation**

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort Tel: (012) 808-9300
Privaatsak / Private Bag X 9, Pretoria Noord/North, 0116
E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za
PBO 930009213 VAT: 4910127861
Geakkrediteer deur SAPD as Jagtersvereniging: Nr 400001; Sportskietorganisasie: Nr 1300091; Beroepsjagvereniging: Nr 1300124
Accredited by SAPS as Hunting association: No 400001; Sport shooting organisation: No 1300091; Professional hunting association: No 1300124

**Bevoegdheidsopleiding**

Artikel 9 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000) vereis dat ŉ persoon wat wil aansoek doen vir ŉ bevoegdheidsertifikaat om ŉ vuurwapen te besit aan die volgende voorwaardes moet voldoen:

- ŉ Suid-Afrikaanse burger van minstens 21-jaar oud is
- Sonder ŉ kriminele rekord
- Geen klagtes van nalatige gebruik van ŉ vuurwapen teen hom hê nie
- Die voorgeskrewe vuurwapenvaardigheidsopleiding by enige geakkrediteerde vuurwapenopleidingsentrum voltooi

Die vuurwapenvaardigheidsopleiding sluit die volgende opleidingsmodules in gebaseer op die eenheidstandaarde (soos verskaf deur die geakkrediteerde vuurwapenopleidingsentrums):

- 117705 – kennis van die wet (verpligtend – Art 9 (2) (q) Act 60 of 2000)
- 119649 – hantering en gebruik van ŉ vuurwapen
- 119650 – hantering en gebruik van ŉ selflaaigeweer
- 119651 – hantering en gebruik van ŉ grendelaksiegeweer
- 119652 – hantering en gebruik van ŉ haelgeweer
- 243200 – hantering en gebruik van ŉ swartkruitvuurwapen

Die voorgeskrewe bevoegdheidsopleiding moet by ŉ opleidingsentrum plaasvind wat by die *Professional Firearms Trainers Council* (PFTC) geakkrediteer is. Sien die lys van geakkrediteerde vuurwapensentrums in jou omgewing.

Die opleidingsinstituut verskaf die korrekte studiegidse vir selfstudie en voorbereiding vir elke eenheidstandaard.

Op die dag van die kursus sal die assessor die teoretiese aspekte van die opleiding en die gebruik van ŉ vuurwapen bespreek voordat die aansoeker die eksamen/toets en die praktiese skiettoets aflê.

Indien die aansoeker die vuurwapenopleiding slaag, sal die opleidingsinstituut ŉ sertifikaat (*Statement of results)* uitreik.

ŉ Gesertifiseerde afskrif van die sertifikaat moet die aansoek vir ŉ bevoegdheidsertifikaat vergesel.